# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 Oktober 1997 Vol. 32

# GEREFORMEERD IN AFRIKA

## Afrosentries, Eurosentries of Christosentries?

Ons bid in Afrika - maar wil ons nog? Afrikanisme klots oor ons. Kolonialistiese eilande met melkwit strande word kleiner. Afrikanisme, of polities korrek gesê die "Afrika Renaissance" het aangebreek. Afrikanisme gaan 'n invloed uitoefen op die gereformeerde leefwyse. Hoe ons dit gaan benader, gaan deels bepaal watter houvas die gereformeerde leer in Afrika gaan kry. En belangriker nog, of ons geloof 'n stimulus sal wees wat die Afrika-herlewing sal bepaal en nie andersom nie.

## Valse debat

Praat van Afrika en 'n vals debat word meestal aan die gang gesit, naamlik 'n kunsmatige onderskeid tussen 'n Afro- of Eurosentriese benadering. Hierdie skynbaar uitsluitende benaderings gaan oor veel meer as 'n oënskynlike vooroordeel dat daar 'n keuse moet kom tussen: Twee kontinente Europa of Afrika; tegniekmag of geweldsmag; wetenskap of mitologie; oud of nuut; aandelebeurs of straatsmousery; ballet of stamdanse; horlosie of sontyd; Jopie Fourie of Steve Biko. Hierdie debat moet eintlik 'n gesprek oor kultuur wees. En kultuur is meer as wit tafeldoeke by 'n kunswedstryd of selfs 'n keuse tussen die gedigte van N.P. van Wyk Louw of Credo Mutwa.

## Kultuur en natuur

Kultuur gaan oor die lewe - oor die vormgieting van die mens se lewe. Natuur is wat God ons uit sy hand gee om mee te leef, en kultuur is wat ons met daardie natuur maak. Dadelik moet in hierdie debat nie die Roomse dilemma van genade-natuur ingebring word nie. Natuur staan nie teenoor genade nie. Natuur en kultuur loop saam, die natuur, die skepping, is die boublokke waarmee die mens kultuur bedryf. Die kritiese vraag is of dit 'n begenadigde, dankbare kulturele handeling is. Kultuur is 'n hartsaangeleentheid wat aan God se wet gemeet word.

⋆ Gereformeerd leef in Afrika word nie bepaal deur die plek nie. Sommige mense begin al vermoed dis onmoontlik om God op sy manier in Afrika te dien. Mens dink maar net aan die korrupsie wat ook deur gelowiges aangehelp word "om dinge in Afrika gedoen te kry".

⋆ Gereformeerd leef word ook nie deur die tydsgewrig bepaal nie. Postmodernisme of 'n nuwe oerdrang na 'n pre-christelike era maak nie gereformeerd leef noodwendig onmoontlik nie.

⋆Dalk vreemd, maar gereformeerd leef word ook nie bepaal deur mense in hulle samesyn nie. Mense tree nie op 'n bepaalde manier op omdat hulle anders vir mekaar lyk nie - hulle tree op soos hulle god dikteer. En hier lê die kern van die saak.

Kultuur is die mens se hartsoptrede wat hy voor God met God se skepping doen, op 'n bepaalde tyd en plek, in gehoorsame aanbidding aan God of in walglike eiesinnige ongehoorsaamheid aan God se wet. 'n Kultuur moet beoordeel word op grond van die gehoorsaamheid aan God se wet, aan die hoeveelheid gesamentlike dank wat daar voor Christus is.

***In hierdie uitgawe:***


⋆ Gereformeerd in Afrika A.L.A.Buys ........ 1

⋆ Skrifoordenking: Ds.G.J. Meijer ........ 3

⋆ Die een ware kerk Prof V.E.d'Assonville ........ 4

⋆ Op pad na Sinode 2000 Dr. J.G. Meijer ........ 7

⋆ Mediese Etiek: Dr. J.M. Boon ........ 8

⋆ Bekers en Kelkies ........ 10

⋆ Slapheid en Bederf Klaas Schilder ........ 11

Die keuse tussen Afro- of Eurosentrisme (of moet ons sê Amerikasentrisme?) is 'n valse probleemstelling. Kultuur gaan oor God wat Homself in Jesus Christus openbaar - wie dit raaksien en wie nie. Ons mag nie Afrosentries wees nie; nog minder Eurosentries, maar Christosentries. Ongehoorsame kultuur gaan oor gode. Nie die plek waar ons bly (of wil gaan bly) bepaal ons gehoorsaamheid aan God nie. Jesus Christus bepaal ons kultuur. Hy rig deur sy Gees ons harte om die hele skepping, ook die deeltjie in Afrika waar ons bly, tot die Vader se eer te beheers. Of ons ignoreer Jesus Christus se gesag oor die hele skepping, want ook die hele Afrika behoort aan Hom, en ons kies en keur tussen ons afgode wat daar altyd volop sal wees. Kulturele afgodery of kulturele Gods-diens, dit behoort by die debat.

## Ek en my huis ...

Josua se waarskuwing aan die volk Israel (Jos 24:15) is 'n tydige woord vir ons wat gereformeerd in Afrika moet (en wil) leef. Hy stel dit duidelik: Jy kan God nie as jou God kies nie. God self het die volk uitgelei en daarmee hulle status as uitverkore volk bevestig. God kies. Daarom MOET hulle God dien, op sy manier, in die nuwe land. As dit egter verkeerd in hulle oë is om God te dien, kan hulle maar kies watter gode hulle wil aanbid. Of die ou gode van die Amoriete, of die nuwe gode van die Kanaäniete. Nuwe of ou gode, dit maak nie saak nie. Wie nie God se verlossing in Christus dankbaar erken nie, en dus 'n afgod aanhang, is net so dood soos daardie afgod. Wie en wat daardie afgod is, is eintlik van minder belang.

God trek vir ons deur Josua se verkondiging die lyn skerp. Dit is letterlik 'n kwessie van lewe of dood. Nie 'n keuse nie. God kies wie aan Hom behoort. As jy God verwerp, kan jy 'n keuse uitoefen saam met watter afgod jy God se oordele wil beleef.

## Ou en nuwe gode

Die nuwe Suid-Afrika het baie nuwe gode. Die afgodsbeeld met die naam "Mens" wat alle regte opeis, is so 'n god. Dit is oorgebring van die Amerikaanse kontinent. Daar is egter ook ou gode in Afrika. Die voorvaders en waarseënde geeste, vermom in "new age"-klere as geestelike raadgewers en begeleiers. Nog 'n ou god is "Geld". Hoeveel gelowiges is tans besig om albei knieë diep te buig voor hierdie god. Alles word op die altaar van "Geld" gebring. Niks anders tel as om finansieel te oorleef nie. In opdrag van "Geld" verhuis sy aanhangers ook uit Afrika omdat godsdiens in geld gemeet word. God seën Afrika mos nie meer as daar nie genoeg plek vir "Geld" is nie.

Maar ook Europa het nuwe en ou gode. Sommige aanbid "Bloed" en gaan terug na waar almal skynbaar soos ons lyk. Nog 'n god is "Grond", wat aanbid word asof lewe nie van Christus afhanklik is nie maar van grond en leefruimte. 'n Nuwe god se naam is "Geleenthede vir my kinders". Mens kry christene wat hulle kinders in Afrika doop, maar stelselmatig twyfel of God sy Vaderlike liefde hier sal kan betoon. As gedooptes emigreer - natuurlik nooit sonder "geldelike redes" nie, moet mens vra: Het die enigste Here, die God van Abraham, Isak en Jakob, jou gestuur na 'n nuwe land (vgl. vyfde gebod, "na die grond wat die Here jou God aan jou gee" Eks 20:12) of het jou hart dit nie goed gevind om Jesus Christus te dien nie en skynheilig 'n nuwe of ou godjie uitgekrap om te aanbid? Dis maklik om moeg te raak vir Afrika, dis gemaklik om op Afrika te spoeg as nuttige verskoning om aan God ongehoorsaam te wees.

## Beloftes van God

Dis nie van belang of mens van Afrika hou of nie, en of ons in hersenskimme terugverlang na Europa, Amerika en van die ander kolonies waar die inboorlinge met moord verminder is nie. Die vraag is: aanvaar ons God se belofte in die vyfde gebod? God gee leefruimte aan sy kinders. Wat maak dit saak of ons armer of ryker, meer of minder gaan wees? Dien ons Christus in dankbaarheid? Verkondig ons die evangelie? Dit is wat gaan tel, waar God ons ook al laat bly.

## Valse Keuse

Onmiddellik moet ons sê dat ons die evangelie nie vergeestelik nie, so asof grond en taal en geld en mense en gebruike nie saak maak nie. Dit maak saak - maar altyd net in relasie tot Jesus Christus. 'n Nuwe denkraamwerk moet daargestel word, een wat gereformeerd in Afrika wil wees, een wat wil leef uit die heerlike beloftes van God, een wat hom verlustig in sy eie vergifnis in Christus, een wat Geesvervuld die afgode stomp afkap en uitwys wat hulle is: stom, sprakelose klip, ideologieë wat mense vasbind. Afgodsdienaars wat gevange sit in die magsgreep van hulle eie verwarde denke, daar lê ons taak om die afgode se magsgreep te breek. Europa het post-Christelik geword, moeg van wag op God se beloftes, en teruggekeer na die afgode. Gaan Afrika dieselfde pad volg - dat ons die lig van die evangelie uitdoof omdat ons 'n valse keuse wou maak tussen Europa en Afrika, dat ons tussen afgode gekies het? Die evangelie kan by 'n volk verbygaan as die dankvrugte uitbly.

'n Vliegtuigkaartjie as emigrant het dus met uitverkiesing te doen - of jy glo dat God jou uitkies om ook op 'n bepaalde tyd en plek 'n bepaalde taak uit te voer (vgl. "Julle is 'n uitverkore geslag"-2 Pet 2:9). Ons moet so gereformeerd in Afrika leef.

## Nie wit of swart

As ons vir onsself uitmaak dat blyplek met beloftes van God te doen het, sal ons ons nie hier laat verjaag asof ons nie hier hoort nie. Dan mag ons ook nie ons roeping versaak asof die Here nie meer ons God is nie. Dan sal ons ons blyplek ook nie inrig as 'n klein kolonie van 'n ander plek nie. As ons vanuit Christus se vergifnis leef, hoef ons leeftyd in Afrika, na apartheid, nie een groot boetepelgrimsreis na nuwe gode te wees nie. Gereformeerd leef groei uit 'n rein gewete.

Jesus Christus is nie 'n "wit" Europeër nie. Hy is ook nie 'n "swart" Afrikaan nie. Die Vader het sy Seun gestuur om vlees te word as 'n Aramees-sprekende Joodse man, omdat God die volk Israel uitgekies het as sy verbondsvolk. Al die volke in Afrika in hulle gelowiges is soos wilde olyftakke ingeënt in die mak olyfboom - die bekeerde Israel (Rom 9-12). In 'n sekere sin beklee alle volke naas Israel 'n tweede plek, maar juis hierin lê die groot geheimenis: deur geloof in Jesus Christus word die verbonsbeloftes ook ons s'n, as nie-Israeliete (Ef 3:3-7).

Christus, en nie Mamma-Afrika nie, is die samebinding vir Afrika. Hy is egter ook die verdeler juis nou in Afrika met sy oergode. As daar gepoog word om die gesag van Christus in Afrika te ignoreer, sal die Afrika Renaissance, die nuwe wonder-Afrika, niks meer wees as die ou donker-Afrika nie. Nuwe afgode bly ou afgode. Deur na mekaar te kyk - in Christus - kan die mense van Afrika, ook volke, mekaar weer vind en elkeen sy roeping uitvoer voor God.

A.L.A. Buys.

* * *

# SKRIFOORDENKING

## My God is Koning

Rigters 21:25 *"In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë."* en Rut 1:13

In die dae toe die rigters geregeer het, het elkeen gedoen wat reg was in sy eie oë. Wet en orde is vir die oorgrote meerderheid van die Israelitiese publiek 'n bysaak. Opregte diens aan God maak plek vir eiewilligheid. Tog het enkele Israeliete nog in ware Godsvrees geleef. Die Skrif vestig ons aandag op 'n ouerpaar wat hulle kind Elimeleg noem: My God is Koning. Dit is 'n sterk geloofsbelydenis in die rigtertyd. Sulke belydenisse was skaars in daardie dae.

## Ontsporing

Elimeleg kom tot troue. Hy en sy vrou, Naomi, word deur die HERE geseën met die geboorte van haar twee seuns. 'n Mens sou verwag dat die geboorte van die seuns groot vreugde tot gevolg moes hê. Seuns is immers 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning (Psalm 127:3). Helaas is daar vir Elimeleg en Naomi van sulke vreugde geen sprake nie. Die oudste seun word Maglon genoem: wegkwyn, tering. Die jongste heet Giljon. Skielik is daar vreemde name. Maar name wat boekdele spreek van die ouers se hartsingesteldheid. Van geloof in "my God is Koning" is daar by Elimeleg min te sien. Die gesin het geen hoop op God in die beloofde land nie. Geen vertroue in die troue Verbondsgod nie. Geen gelowige uitsig op die toekoms nie.

## Vlug vir God

Met die jare neem die wanhoop en wantroue toe. Daar kom hongersnood in die land. Hoekom? Weens die feit dat vyande die grens na die verbondserf oorsteek en alles vat wat voorhande is. Hulle plunder die land letterlik leeg. Wie stuur daardie vyande? Die HERE. Waarom? Omdat sy eiendomsvolk aan Hom ontrou geword het. Hulle harte is nie onverdeeld op Hom gerig nie. Hulle knip die lewe in stukke. 'n Deel is vir God, die res is vir die afgode. Langs die altaar vir die HERE staan die heilige boomstamme en die altare vir Báál. Die HERE verafsku dit. Daarom tug die HERE sy volk.

Elimeleg het goed geweet dat die hongersnood 'n middel is waardeur die HERE met sy ontroue volk werk. Sy ouers het hom sorgvuldig onderrig in die wet van God. Maar wat doen hy as die HERE sy volk tugtig? Hy trek weg. Hy laat hom nie tug nie. Hy verlaat die verbondserf. Hy bedank die kerk. Hy emigreer.

Geen bekering. Geen hartlike berou en afsterf van die ou mens nie. Dit het begin met die gee van twee seunsname wat getuig van ongeloof. Dit eindig met vlug vir God.

## Heil buite Christus gesoek

Die geskiedenis word nog bedroewender as 'n mens in ag neem vanwaar Elimeleg vlug en waarheen. Betlehem-Juda is sy tuiste. Betlehem: huis van brood. Die naam spreek ook boekdele. Dit getuig van die HERE se sorg vir Israel. Die Vader voorsien elke dag se brood, elke jaar se oes, elke sabbatsjaar se dubbele oes. Die naam Betlehem bevestig dit. Bowendien spreek Betlehem van iets baie groter. Dit word - volgens die profesie van Miga - die geboorteplek van die lankverwagte Messias. Betlehem: huis van brood. En wat doen

Elimeleg? Sy soektog na brood dryf hom uit die huis van brood waar die Brood van die lewe gebore moet word. Sy Messiasverwagting binne die verbond word verdring deur 'n broodverwagting buite die verbond.

### Omseil Verbondswet

Ekonomie los van God in Christus. Eers oortyd werk teen goeie betaling. Eers 'n naweek wegbreek. Eers die perkpunt van die verbondswet omseil om te oorleef in die dolle oorlewingsresies van die nuwe Suid-Afrika. Dan - as daar tyd en energie oor is - dink aan die HERE.

Elimeleg trek saam met sy gesin na die velde van Moab. Moab, van alle plekke: die verbondsvolk se aartsvyande (Numeri 22). Die HERE se besluit oor Moab staan vas: Jy mag die vrede van Moab vir ewig nie soek nie (Deut 23:3-6). Maar daaraan steur Elimeleg hom nie. Buitendien beplan hy geen permanente verblyf in Moab nie. Hy het goeie voornemens. Hy wil nie deel word van daardie heidennasie nie. Hy wil daar as vreemdeling vertoef, alleen maar van hulle werksgeleenthede gebruik maak. Die breuk met die kerk sal slegs tydelik wees, totdat die ekonomie in Israel weer opvlam.

Die HERE ken Elimeleg se soeke. DIt is geen soeke wat uit godsvrees voortspruit nie. Elimeleg soek sy heil buite die HERE, in die donker wêreld. Uiteindelik sterf hy in die donker wêreld. Buite Christus is daar geen saligheid nie. Ook geen ekonomiese saligheid nie.

### Die HERE besoek die misdaad

Wat staan Naomi en haar twee seuns te doen? Hulle het die HERE se regverdige tug baie voelbaar ondervind in die afsterwe van hulle eggenoot en pa. Tog is daar geen inkeer nie. Inteendeel, Maglon en Giljon gee 'n hele paar treë verder op hulle pa se dwaalspoor. Elimeleg wou vreemdeling in Moab wees. Maglon en Giljon burger in. Hulle trou met Moabitiese vroue. Van Elimeleg se goeie voornemens bly niks oor nie. Sy nageslag is nie net in Moab nie, maar word deel van Moab. Die HERE besoek die misdaad van die vader aan die kinders. Ook hulle sterf buite die verbondserf.

### Inkeer

Naomi bly alleen oor, sonder man, sonder nageslag. Die wiel lê stukkend in die put. Satan lag: elkeen doen wat reg is in sy eie oë. Die pad na die koms van die Brood van die lewe word stuk-stuk opgebreek. En die HERE? Hy laat die werk van sy hande nie vaar nie. Hy het op sy volk ag gegee deur aan hulle brood te gee. Naomi hoor daarvan. Die HERE open haar ore. Ook haar hart. Sy slaan ag op die HERE se roepstem. Sy keer terug vanuit die donker na die lig.

### Die Wet van die Here

Orpa en Rut wil saamgaan. Menslik gesproke sou hulle baie vir haar kon beteken in Betlehem. Tog dring Naomi daarop aan dat hulle nie saamgaan nie. Die wet van die HERE is duidelik: Geen Moabiet mag in die vergadering van die HERE kom nie (Deut 23:3). Naomi het geleer dat die wet van die Here swaarder weeg as die gevoel en wens van die mens. Haar wil moet inpas by die HERE se wil. Daaruit blyk haar inkeer tot God.

### Wie deur Gods vrees bewoë...

Geen eie planne om 'n toekoms te bewerk nie. Geen soeke na oorlewing buite Christus nie. Geen ontvlugting of wegkruiptaktiek nie. Wie kan in ieder geval voor die aangesig van God vlug? Die saak is duidelik: wie deur Gods vrees bewoë trou op die weg wil gaan - waar Gods wil voor oë en klaar geteken staan - die arbeid van sy hande sal hy met vreug geniet wanneer die koringlande met seën hul opbrengs bied (Ps 128). Die HERE sal die toekoms vir ons uitwerk. Dit is ons taak om ons verantwoordelikheid in gehoorsaamheid - volgens sy wet - na te kom.

Ds. G.J. Meijer (Ermelo).

* * *

## DIE EEN WARE KERK

Waar word die begrippe "waar" en "vals" toegepas? Geld dit vir die kerk as 'n "struktuur" (organisasie in geheel, kerkverband) of moet dit alleen op die enkele gemeente toegepas word? Hier mag daar geen misverstand wees nie.

Die Gereformeerde belydenis praat nêrens van verskillende kerke nie, maar slegs van die een "heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges [Die Apostoliese geloofsbelydenis - 12 artikels].

Die Heidelbergse Kategismus praat ook nie van verskillende gemeentes nie, maar van die een "gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is" [Sondag 21].

Net so spreek art. 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie van verskillende kerke nie, maar van die "enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo ..."

## Geen saligheid daarbuite

In art. 28 van die N.G.B. word daar van dieselfde kerk gepraat as daar gesê word dat "daarbuite geen saligheid is nie", en juis daarom "almal verplig [is] om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp."

## Twee Kerke

Art. 28 gaan verder deur te sê dat dit die "plig van alle gelowiges [is] ... om hulle by die vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het".

Hier kom ons nou by een van die belangrikste waarhede van die Gereformeerde Belydenis oor die kerk: Dieselfde "heilige, algemene Christelike kerk" [12 Artikels], dieselfde "heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo" [art.27 N.G.B.], word deur God op verskillende plekke gevestig [art. 28].

## Maklik uitgeken

In art. 29 van die N.G.B. gaan die belydenis voort deur te waarsku teen die valse kerk. Dit is die enigste ander "kerk" wat die belydenis ken: "Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word" . Dit kan gedoen word deur die merktekens van die suiwer bediening van die Woord en die sakramente en die handhawing van die kerklike tug. Steeds is hierdie sigbare ware kerk dieselfde katolieke of algemene kerk van art. 27 wat op verskillende plekke deur God gevestig word [art.28].

## Merktekens

Art. 29 begin met die woorde: "Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God (ex Verbo dei - in Latyn) behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is. In die slot van hierdie teks kom dit selfs baie sterker as in die Afrikaanse vertaling uit: daar (in die oorspronklike Latyn begin die sin met "ex his") d.w.s., hierdie merktekens wat vanuit die Woord na vore kom.

Ook om deur hierdie merktekens die ware van die valse kerk te onderskei, geld die woord van Paulus: "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" [1 Kor 2:14]. Hierdie "natuurlike mens", d.w.s. die sondige, ongelowige, kan dan ook nie die ware en die valse kerk onderskei nie.

## Alleen deur die geloof

Dit is uiters noodsaaklik dat waar die kennis oor die kerk, juis ook die kennis oor die ware en valse kerke "uit die Woord van God" gekry word, dat ons ook die geloofskarakter van hierdie belydenis beklemtoon.

Die gevaar bestaan voortdurend dat ons die Belydenis [die Drie Formuliere] alleen vir die tyd van die reformasie gaan beklemtoon. Dan word die hele saak van ware en valse kerke gerelativeer. Dat die Konfessie dan "eietyds" aan die sestiende eeu sou wees, en hoofsaaklik vanuit faktore van destyds verklaar moet word, ontneem dan nie alleen die aktualiteit van vandag nie, maar tas selfs die geloofskarakter daarvan aan. Dit moet beklemtoon word dat die Gereformeerde Belydenis juis op die Woord van God gegrondves is - eietyds nie alleen vir die sestiende eeu nie, maar ook vir vandag.

## Devaluasie van Belydenis

So 'n gedeeltelike devaluasie en relativering van die Belydenis vind ons veral t.o.v. die belydenis oor die ware en die valse kerke volgens artt. 28-29 van die N.G.B. Dit kom veral uit die dogmatiese konstruksie van die leer van die "pluriformiteit" van die kerk en ook die begrippe "sigbaar" en "onsigbare" kerke.

## Waar en Vals

Hiervolgens openbaar die een onsigbare [ook 'n aanvegbare term!] kerk homself in meer as een sigbare vorm. In die Gereformeerde tradisie was Abraham Kuyper en Herman Bavinck voorstanders van hierdie standpunt. Kuyper erken dat hierdie verdeeldheid onder die verskillende kerke nie deur die belydenis geleer word nie, maar onder die drang van die lewe in die geskiedenis ontstaan het (vgl. sy boek Gemene Gratie, (3), p.234). By Bavinck is die pluriformiteit van die kerk 'n gevolg van die sonde (vgl. sy Gereformeerde Dogmatiek, (4), p.304).

## "Een klove gapen"

Dit lê voor die hand dat as daar verskillende sigbare "vorme" of "gestaltes" van die een sogenaamde onsigbare kerk kan bestaan, dat die kwalifikasie van waar en vals onmiddellik in gedrang kom. Ook hier gaan die devaluasie en die relativering van die Belydenis hom meedoënloos op die geloof aan die bestaan en identifisering van die ware en die valse kerk wreek. Kuyper erken dit selfs dat daar nou "een klove gapen" tussen die belydenis "en de overtuiging die zich later onder den drang van het leven gevormd heeft" (Gemene Gratie, (3), p.234). Nie die gegewens uit die Skrif

oor die ware en valse kerke is nou meer deurslaggewend nie, maar die dogmatiese konstruksie, die pluriformiteit.

## Sigbaar of onsigbaar?

Die onderskeiding "sigbare" en "onsigbare" kerk is tipies en spesifiek protestants. Rome het nooit die dogma van 'n onsigbare kerk gehandhaaf nie. So verwyt die moderne Roomse teoloog Hans Küng dat die term "onsigbare kerk" vir die reformatoriese teoloë nogmaals 'n uitvlug uit 'n dubbelsinnige uitdrukkingsmanier bied. En weer eens was dit veral Kuyper wat die onderskeiding sigbare en onsigbare kerk buitengewoon strek gepropageer het en hy noem dit "het principale stuk onzer belijdenis, waarmede onze vaderen tegen Rome zijn opgetreden" (vgl sy Seperatie en Doleantie p 6). Ook Bavinck gee groot aandag aan hierdie onderskeiding en wys daarop dat dit Luther was wat die gedagte die eerste keer na vore gebring het. Calvyn gebruik die term onsigbare kerk (*ecclesia invisibilis* in latyn) glad nie in die eerste twee uitgawes (1536/1539) van sy Institusie nie, maar eers in 1543 en dan bedoel hy daaronder die totaal van uitverkorenes wat alleen in die oog van God bekend is. Maar let wel, dit is nie 'n ander kerk as die een en dieselfde kerk wat op verskillende plekke gesien kan word nie (Inst. 4:1:1-9).

## Nie onsigbaar, wel onoorsienbaar

Vir die soveelste keer word die suiwer siening oor die ware en valse kerke deur 'n onduidelike terminologie oor die kerk verduister. Die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis ken nie die terme sigbare en onsigbare kerke nie. Beter sou dit gewees het om te praat van die een kerk wat wel gesien kan word [die geïnstitutueerde gemeente] maar tog nie oorsienbaar is nie. As ek bv. 'n groep mense voor my in 'n saal of in 'n sportstadion sien, dan sien ek 'n deel van die mensdom. As ek dus die hele mensdom nie kan sien nie, dan is die mensdom tog nie onsigbaar nie. Dit is wel onoorsienbaar.

Weereens: die begrippe waar en vals kan ons nie op twee kerke, sogenaamd sigbaar en onsigbaar, toepas nie. Die ware kerk bly altyd die een heilige, algemene kerk soos wat in art 27 N.G.B. en in die 12 Artikels bely word.

## Implikasie

Van Leeuwen noem in sy studie oor Kuyper se kerkbegrip sy terminologie oor die ware en valse kerke "verward en duister". Hy fundeer dit nie in die Skrif nie, maar relativeer dit in die werklikheid. Die "absoluut valse kerk" is vir Kuyper 'n eskatologiese grootheid. In sy "Tractaat van de reformatie der Kerken" (p.112), praat hy van "die ontsettende aller deformatiën, die uitloopt in die valsche kerk of de kerk van de antichris". Oor die werklikheid hier op aarde, handhaaf hy gedeeltelik vervalste kerke. Maar die absolute valse kerk is die voltooide openbaring van die kerk, waarin Satan sal poog om sy eindoorwining te vier. Hierdie voltooide kerk vertoef nog volgens Kuyper. Teen die absolute teenstelling tussen ware en valse kerke, handhaaf Kuyper 'n relatiewe kerkbegrip, "het relatiewe niet in de idee, niet in die afgetrokkene, maar in de werklijkheid" (Gemene Gratie (30, p272).

Wat nou van die uitspraak in art. 28 N.G.B. dat "elkeen verplig is om by die ware kerk aan te sluit" en "daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei en nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God ?"

## Meer of Minder

Kuyper maak eenvoudig die sprong om die begrippe waar en vals te vervang met suiwer of minder suiwer, of meer suiwer. Die ware en valse kerke is by hom geen werklikhede nie, maar bestaan slegs in die idee. In die werklikheid - volgens Kuyper - vind ons nóg die absoluut-ware nóg die absoluut-valse kerk. M.a.w. daar is geen ware kerk wat aan die idee van die ware kerk ten volle beantwoord en ook geen valse kerk wat volkome aan die idee van die valse kerk beantwoord nie. Prakties beteken dit dat "almal verplig is om by die relatief suiwerste kerk aan te sluit". Dit is iets totaal anders as wat daar staan.

## Eenheid van die kerk

Art. 28 bely dat die gelowiges nie alleen die verpligting het om by die ware kerk aan te sluit nie, maar ook om "hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp".

Deur by die ware kerk aan te sluit, word "die eenheid van die kerk bewaar". Volgens die oorspronklike Latyn moet die woord "unitas" (eenheid) bewaar word (conservare). Hier staan nie dat die eenheid nog verkry moet word of verwerf moet word nie. Sonder die gelowiges se toedoen is die eenheid alreeds daar! Dikwels word gesê: Maak die kerk een. Weer eens is dit nie wat hier staan nie, maar: die reeds bestaande eenheid moet bewaar word. Die eenheid as die gegewe werklikheid moet gesoek word.

Die verpligting om by die ware kerk aan te sluit, is verbonde aan die absolute feit: die kerk is een. Hierdie eenheid is in God se raadsbesluit geleë. Dit is ewig. Die mens kan dit nie verbreek nie. Hy kan

dit nie skeur nie. Ter wille van die waarheid [waarin die eenheid geleë is], word die uiterlike strukture soms verbreek. Die reformatore het bv. in die sestiende eeu die eenheid met Rome verbreek - ter wille van die ware kerk wat een is.

Wat is dan kerkskeuring volgens die belydenis? Dit is as die kerk nie gebou en gekonstitueer word volgens God se Woord nie. Ook as in die uiterlike strukture van 'n pluriformiteit berus word, verflou die roeping om die eenheid te beleef. Die pluriformiteitsteorie is die slaapmiddel vir die drang na die ware kerk. Deur sy Woord roep Christus egter sy skape saam in een kudde. Hy vergader 'n "unica ecclesia" (die een kerk), al is hulle ook oor die hele wêreld versprei.

**Prof. V.E. d'Assonville**

* * *

## OP PAD NA SINODE 2000

### Selfstandige kerke in kerkverband

Ons Here Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk. Hy regeer sy kerk deur die middel van kerkrade. DIe kerkraad is volgens Skrif en belydenis die enigste kerklike bestuursliggaam. Christus dra geen mag aan kerkrade oor nie. Nee, die gesag van die ouderlinge en kerkrade is dienend. Hulle bedien die mag van die Kerkhoof. Hulle gesag is beperk tot die plaaslike kerk waarin hulle dien.

Wat behels hierdie kort samevatting van my vorige artikel vir die samelewing van die kerke? Bestaan daar enige verband tussen die selfstandige plaaslike kerke wat die Seun van God vergader, beskerm en onderhou?

### Die algemene kerk

In die nag van die verraad, die nag voor sy kruisdood, bid die Man van smarte vir sy hele kerk onder die nuwe verbond. Hy sê: "Ek bid nie vir hulle (my apostels) alleen nie, maar ook vir dié wat deur hulle woord in MY sal glo - dat almal een mag wees" (Joh 17:20-21). Die lydende Christus bring sy algemene of katolieke kerk, die kerk van alle tye en in alle lande wat Hy na sy gebed sal vergader, voor die troon van sy Vader. DIt is die kerk van Jode en Grieke, van Afrikaners, Indiërs, Vendas, Zoeloes, van al die volke. Dat almal een mag wees ...

Oor dieselfde algemene kerk het Christus al eerder gespreek. Na die belydenis van Petrus dat Hy die Christus, die Seun van God is, sê die Heiland: "Hy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente (enkelvoud, nie gemeentes nie) bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt 16:18). By 'n ander geleentheid wys Hy profeties na ander skape (Christene uit die heidene) wat nie aan hierdie stal (Christene uit die Joodse volk) behoort nie. Ook hier gaan dit oor die algemene kerk. Dit sal, sê Hy. "een kudde, een herder" wees (Joh 10:16), "gebou op die fondament van die apostels en profete" (Ef 2:20), een in die waarheid (Joh 17:17).

### Teologiese spekulasie oor die algemene kerk

Die openbaring in die Skrif oor die algemene kerk en plaaslike kerke word deur baie teoloë misverstaan. Die een groep laat die selfstandigheid van die plaaslike kerk in rook opgaan op die altaar van die algemene kerk. Plaaslike kerke word gedevalueer tot onderafdelings (gemeentes) van 'n lands- of wêreldkerk. Die lands- of wêreldkerk neem deel van die gesag, wat die Here aan die plaaslike kerkrade toevertrou het, oor en tree sodoende in stryd met die Woord op.

Die ander groep teoloë maak van die algemene kerk en plaaslike kerk twee kerke. Hulle beskou die algemene kerk as die optelsom van die uitverkorenes, die sogenaamde onsigbare kerk. Die plaaslike kerke is volgens hulle slegs institute, meer of minder suiwer openbarings van die liggaam van Christus. Die bestaande onderlinge verdeeldheid van die kerkverbande is nie vir hulle besonder kommerwekkend nie. Die onsigbare kerk is tog een?! In en agter die verdeeldheid van die kerkgenootskappe bejubel hulle die dieper, onsigbare eenheid van die onsigbare kerk. Die gebed van Christus om die eenheid van almal wat waarlik glo, bevat vir hierdie teoloë nie 'n duidelike gebod nie.
Die bogenoemde twee teologiese sienings kan nie met die Skrif waar gemaak word nie en moet derhalwe as spekulasie afgewys word.

### Christus vergader sy algemene kerk plaaslik

In die vier evangelies kom die woord kerk of gemeente slegs twee maal voor, naamlik in Mattheüs 16 en 18. Die teks uit Matt 16 is hierbo reeds genoem. Christus bou sy gemeente "op hierdie rots" (Petrus en sy belydenis). Hier spreek Hy oor die algemene of katolieke kerk. In Matt 18 staan die bekende reël vir ons optrede in die geval dat 'n gemeentelid sondig. As hy of sy na die vermaning, selfs in teenwoordigheid van twee of drie getuies, nie luister nie, "sê dit aan die gemeente" (Matt 18:17), die plaaslike kerk.

Christus gebruik vir die algemene en plaaslike kerk dieselfde woord, naamlik "ekklesia" wat in ons Afrikaanse Bybelvertaling as "gemeente" weergegee

is. Hy dui twee maal dieselfde kerk aan. Hoe die algemene en die plaaslike kerk een en dieselfde kerk is, kan ons met ons verstand nie deurgrond nie. Ons glo aan die kerk wat die Here in sy Woord openbaar. Christus vergader sy katolieke kerk plaaslik.

## Christus bind sy plaaslike kerk saam

Plaaslike kerke is selfstandige kerke (kyk o.a. Rom 16:5; 1 Kor 12:12-33; Gal 1:2; Ef 4:4; Kol 1:24; 4:16). Die eerste hoorders van die laaste Bybelboek is die lidmate van sewe selfstandige gemeentes (Op 1:4). Elke gemeente ontvang sy eie brief van die verhoogde Heiland (Op 2 en 3).

Die Here isoleer egter nie die selfstandige kerke van mekaar nie. Inteendeel. Hy bind hulle in 'n hegte eenheid saam. Hy laat sy apostel een brief aan alle kerke in die landstreek Galasië stuur om hulle teen die dwaling van die Judaïste te bewapen (Gal 1:2). Paulus en Barnabas belowe om in die kerke vir die behoeftige kerk in Jerusalem te laat kollekteer (Gal 2:2) en volbring die belofte (o.a. 1 Kor 16:1-4). Aan die kerk in Kolosse word opgedra dat Paulus se brief aan hulle "ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicea lees" (Kol 4:16). Die sewe selfstandige kerke in Openbaring 2 en 3 moet nie slegs elkeen sy eie brief lees nie, maar ook die briewe wat die Here aan die ander kerke gestuur het. Aan die einde van elke brief staan die oproep: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes (meervoud) sê."

Die band tussen die kerke is so sterk dat hulle saam gebind woord aan besluite wat vir almal geldig en aktueel is. Die besluit oor die samelewing van Christene uit die Jode en uit die heidene (Hand 15:28-29) word aan alle kerke oorgedra om dit te onderhou (Hand 16:4).

Die Here wat al sy kerke met sy bloed gekoop het, bewaar hulle op die fondament van apostels en profete en bind hulle op dié fondament onlosmaaklik saam.

## Kerkverband, gawe en opdrag

Soos die Seun van God die gelowiges in die gemeenskap van heiliges saambind, net so bind Hy sy plaaslike kerke saam. Sy gawes is tegelyk opgawes. Die reël vir die gemeenskap van die heiliges (HK antwoord 55) geld ook vir die samelewing van kerke en kan in aansluiting by die Kategismus-antwoord as volg omskryf word: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van kerke ? Antwoord: Ten eerste dat die kerke, almal saam en elkeen afsonderlik, as gemeentes met die Here Christus gemeenskap en al sy skatte en gawes deel het. Dit is gawes aan elke plaaslike kerk.

Die opgawe wat in die gawes opgesluit is, lui: Leef saam as kerke wat die Heiland gekoop en aan mekaar gegee het. Die opdrag kan aan die hand van die Kategismus-antwoord as volg omskryf word: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van kerke? Antwoord: Ten tweede dat elke plaaslike kerk verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander plaaslike kerke aan te wend.

Gereformeerde kerke aanvaar die opdrag om in kerkverband saam te lewe. Hulle reël hulle samelewing in die Dordtse kerkorde. In die raamwerk van hierdie reeks artikels moet veral die verhouding tussen die kerkraad en meerdere vergaderings aandag ontvang. Dit gebeur in die volgende artikels van hierdie reeks.

**Dr. J.G. Meijer** (Pretoria)

* * *

# MEDIESE ETIEK

## Die taak van die gesondheidswerker

Ons het gesê die taak van die gesondheidswerker (die dokter, verpleegkundige en paramediese terapeute) is profeties, priesterlik en koninklik agter Christus aan. Christus was die Geneesheer, die Sorgverlener en die Terapeut. Deur sy werk het daar vir ons gesondheid gekom. Herstelling van ons sondige natuur, en ook herskepping van ons liggaam. Deurdat Christus ook ware mens was, het Hy ook gebuk gegaan onder die gevolge van sonde. Hy kon ook siek word. Sodat Hy ons kon bevry wat ons hele lewe aan siekte onderworpe is. Hy het in alle opsigte aan ons gelyk geword. Ja, selfs in die dood, sodat hy tot niet kan maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel (Heb 2:14-18). Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (Matt 8:17). Maar ook hierin was Hy profeet, priester en koning.

## Christus as geneesheer

Profeties het Christus bely dat Hy niks doen wat die vader Hom nie opgedra het nie. So het Hy klei geneem en op die blinde man se oë gesmeer en gesê dat hy hom in die badwater van Siloam moet gaan was. Sodat die werke van God in hom openbaar kan word. "Ek moet die werke van my Vader doen so lank dit dag is" (Joh 9:3-4). Hy het die wil van God aangaande ons verlossing ten volle openbaar - ook deur sy versorging aan die siekes.

Priesterlik het Christus hom as lewende dankoffer gestel deur baie siekes te genees (Luk 5:15). Ook het Hy priesterlik die voete van sy dissipels gewas (Joh 13). Priesterlik leer Hy ons ook bid: "Onse Vader wat in die hemele is". Christus se lewe word

gekenmerk deur diens. "Ek is onder julle soos een wat dien" (Luk 22:27).

Koninklik het Hy die stryd teen die Satan begin en oorwin. Blindes sien weer, en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig (Matt 11:5). Koninklik beskerm Hy ook sy kinders. "Ek is die goeie herder. Die herder lê sy lewe vir die skape af" (Joh 10:11).

So stuur Christus ons ook uit in gesondheidsorg. Om ook daar te bely, te dien en te stry, agter Hom aan, as opdrag aan Hom. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie" (Joh 13:16).

## Die profetiese taak

Eerstens beteken dit vandag 'n belydenis dat God God is. Dit beteken dat die dokter en die res van die gesondheidspan bely dat hulle alleen 'n instrument, 'n dienskneg van Christus is. Dan is daar nie plek vir 'n sogenaamde "kleingod-sindroom" nie, byvoorbeeld:

* Ons dink daar is geen toekoms vir die gestremde kind in 'n moderne samelewing nie - aborsie is daarom terapeuties. So plaas en redeneer ons God uit sy eie werklikheid uit.

* Ons assisteer met die beëindiginmg van die terminaal sieke weens sy lyding.

* Ons probeer die beste embrio's selekteer deur pre-inplantasie genetiese diagnose deur middel van fluoresensie en *in situ* hibridisasie (FISH) en die polimerasekettingreaksie. So kan slegs ongeaffekteerde embrio's tydens *in vitro* fertilisasie teruggeplaas word om latere terminasie van die swangerskap te vermy. So maak ons met tegnologie die beste babas. Die Universiteit van Pretoria gebruik sedert onlangs as eerste in Suid-Afrika hierdie tegniek op hierdie manier.

## Profetiese taak

So plaas en redeneer ons God uit sy eie werklikheid uit. Om profeties 'n belydenis hierteenoor te laat hoor, moet ons as profeet God se Woord ken. Om te kan sien dat 'n gestremde kind ook God se lof kan verkondig. Dat deur 'n terminaal sieke ook God se werke openbaar kan word. Dat lewenskwaliteit nie 'n selfverwesenliking volgens 20ste eeuse standaarde beteken nie, maar om God te loof in watter staat van gestremdheid ookal. Dit beteken dat ons ook die tegnologie van IVF (*in vitro* fertilisasie) en pre-implantasie genetiese diagnose mag gebruik, maar agter God se skeppende en onderhoudende hand aan, en nie deur al manipulerend sy skepping uit sy hand te neem nie.

As profeet moet ons ook ons tyd ken. So kan ons God se wil toepas in ons tyd. Profeties is die gesondheidswerker daarom geroep om te studeer. Studie van God se Woord, daagliks, elke môre voor die konsultasies begin, of elke aand nadat die ronde gedoen is - om profeet te kan wees!

## Nooit sonder God

Verder is ons taak om te bely dat enige aksie gerig op die herstel van die pasiënt of verligting van pyn sonder God se seën nie suksesvol sal wees nie. Om te bely dat die pasiënt deel van God se skepping is, dat ook die troponien van die hartspier, die limbiese sisteem in die brein, die vier dae oue embrio, ensovoorts, deur God geskep is en onderhou word. God ken die molekulêre struktuur van tropien en al die duisende reseptore, ensieme en hormone deur en deur. Trouens, sy Gees is konstant besig met instandhouding van elke reseptor se funksie van sekonde tot sekonde. Hy ken ook die ingewikkelde limbiese sisteem en die wonder van die jong embrio wat in die baarmoeder inplant. Ons het nodig om dit onomwonde te bely. Ook die feit dat ons vandag geneesmiddels kan gee wat op reseptorvlak werk, is daarom genade van God en kan sonder sy seën nie vrugbaar wees nie.

## Die priesterlike taak

Dit beteken 'n lewe van offer en van diens. 'n Offer van tyd en gawes. Dit beteken om al die gawes van handhawing, diagnostiese insig, aanvoeling, terapeutiese kennis, gewillig en met vreugde aan te wend vir die pasiënt, maar om dit ook uit te bou. Dus ook om te studeer in jou vak. Om ook dit wat God in sy genade gee, deur studie en navorsing wêreldwyd te gebruik. Om daarvan op hoogte te wees. Dit verg tyd en inspanning. 'n Negatiewe houding teenoor jou vak en die ontwikkeling daarvan is ook nie goed nie. God vra dat ons elke gedagte sal gevange neem tot sy eer. Daarom geen laksheid in jou vak nie. Ook daarin moet ons priesterlik wees.

## Nie alleen siekte, maar ook sieke

Hierdie offer verg verder dat ons nie alleen die siekte nie, maar ook die sieke sal leer ken. Sy omstandighede, sy vrese, sy begeertes. Dit beteken luister met twee ore. Sy is nie maar 'n middeljarige dame met hartversaking in bed 8 nie. Dan moet ons dikwels ons eie selfbevredigende en materialistiese motiewe opoffer, om die pasiënt werklik te dien. Ook hierdie offer vra God. Dit beteken dat al het die mediese fonds uitgeput geraak, daar nog ten beste vir die pasiënt opgetree sal word. Ja, ook die feit dat iemand nie 'n mediese

fonds het nie, ja, al is hy of sy 'n bedelaar, dit nie sal inbreuk maak op die tyd en sorgverlening aan die pasiënt nie.

## Die krag van gebed

Die priesterlike taak behels verder ook om te bid. Die gebed van die regverdige het groot krag, ook van die regverdige dokter of terapeut. Bid vir wysheid en insig in die spreekkamer, in die teater, langs die bed. Bely daarin ook God as die Skepper en onderhouer van die lewe en verwag alle seën van Hom. Bid ook vir krag vir hierdie taak en vir bewaring van wegbreek van hierdie saak. Bid ook vir die pasiënt dat God deur jou hand sodanige herstel mag gee dat hy of sy weer God kan dien in die roeping waarin Hy hom of haar stel.

## Die koninklike taak

Dit beteken 'n stryd. Eerstens teen die siekte, 'n gevolg van sonde. Op drie vlakke, naamlik voorkomend, genesend en rehabiliterend. Hierdie stryd is agter Christus aan. Die dokter en terapeut is weereens dienskneg en omdat ons self ook sondig is, is hierdie stryd nooit volkome nie. Christus gee wel in sy genade deurbrake in die stryd teen siekte, byvoorbeeld die deurbraak van penisillien, die ontdekking van die DNA-ketting en die gebruik van narkose. Daar is egter nie 'n progressiewe uitwissing van siekte en verbetering van lewenskwaliteit nie. Die HIV-epidemie toon dit duidelik aan. So ook die weerstand van bakterieë teen antibiotika.

## Die "kleingod-sindroom"

Tot en met Christus se wederkoms sal hierdie stryd voortduur. Vrug op hierdie stryd op mediese gebied vandag is daarom steeds moontlik as gevolg van Christus se oorwinning. Verder is die stryd van die dokter en terapeut teen sy eie sondige aard en hoogmoed. Ook teen die "kleingod-sindroom". 'n Daaglikse afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

## Ook beskerming

Die koninklike taak het ook 'n aspek van beskerming. 'n Koning voer die stryd, maar beskerm ook sy onderdane. Die dokter en terapeut het die taak om die lewe te beskerm van die begin daarvan tot aan sy natuurlike einde. Beskerming ook teen 'n nuwe aborsiewet, teen aktiewe eutanasie en sogenaamde geassisteerde pasiëntdoding.

Die stryd is ook teen valse denkskemas. Hiervoor moet die dokter of terapeut hom of haar bewapen teen gedagtes wat God uit sy eie werklikheid uit redeneer. Hierdie bewapening is 'n koninklike taak.

Ons het kortliks iets geskryf oor die taak van die gesondheidswerker. Daar kan nog veel meer gesê word. Volgende keer oor die taak van die pasiënt.

Dr. J.M. Boon Mediese praktisyn en lektor, Pretoria.

* * *

# BEKERS EN KELKIES
## 'n Historiese Perspektief uit die NGK

Die invoering van kelkiebediening het in die jare twintig en dertig van die twintigste eeu in talle gemeentes onrus, verdeeldheid en selfs skeuring meegebring. Predikante en kerkrade moes hierdie situasie met die grootste versigtigheid en takt benader.

## "Daaruit" en "Daarvan"

Terwyl 'n deel van die gemeente die kelkies om higiëniese redes en met die oog op tydbesparing verkies het, het die meer behoudende groep aan die gemeenskaplike beker vasgehou omdat dié prosedure so oud soos die Christelike kerk is en omdat die formulier dit letterlik sou vereis dat "almal daaruit" moes drink. Die kelkiegesindes het dit weer op hul beurt so vertolk dat "almal daarvan" moes drink of dit nou uit die beker, kelkie - of selfs 'n skilpaddop of sardiensblikkie - was, soos twee lidmate, onderskeidelik van Fort Beaufort en De Rust dit by geleentheid gestel het.

Die ernstige beswaar teen die kelkiestelsel het gesetel in die opvatting dat die so gewenste en noodsaaklike eenheidsgevoel onder die heilbegerige aansittendes by die tafel nou versteur en ondermyn sou word.

## Gevolge

Die beker-versus-kelkie-dispuut het die gemoedere so hoog laat oploop dat dit in verskeie gevalle daartoe gelei het dat kerklidmate óf die nagmaalsverrigtinge bygewoon maar hulle van die tafel onthou het, óf die nagmaal vermy, óf die beker in 'n naburige gemeente gebruik het, óf die rug permanent op die kerk gedraai het.

Volgens prof. Booyens het die oorgrote meerderheid kerkrade daarin geslaag om die twee "partye" met mekaar te versoen en om 'n nuwe stelsel in te voer. In bepaalde gemeentes is die beker naas die kelkie behou en die gemeente vroegtydig versoek om in dié deel van die gebou

plek in te neem waar die verkose medium beskikbaar sou wees. Namate die ouer geslag van die toneel verdwyn het, die lidmaatsyfer van die gemeentes toegeneem het en stedelike gemeentes gestig is, het die kelkiebediening nog meer ingeburger geraak.

## 'n Sinodebesluit

Die eerste geleentheid waarby die beginsel van kelkiebediening in die sinode ter sprake gebring is, was in 1915, die 23ste vergadering van die Kaapse sinode. Die Nieuwe Kerk in Kaapstad het by dié geleentheid in 'n beskrywingspunt versoek dat die sinode sy gevoel uitspreek "omtrent het gebruiken van afzonderlijke kelkjes in plaats van gemeenschappelijke bekers". Daar het toe, aldus die notule, 'n lang bespreking plaasgevind en dit sou uit 'n teologiese en kerkkultuurhistoriese oogpunt baie insiggewend gewees het indien die verskillende argumente aangeteken was. Hoe dit ook sy, 'n besluit is op die ou end geneem: "De Synode doe gene aanbeveling in de saak."

Aangehaal uit:

*Nagmaalsnaweek deur die Jare*
**Prof. Bun Booyens**

* * *

## SLAPHEID EN BEDERF

*Alreeds hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer van 'n verwoester.* Spreuke 18:9

Wie is die bederwers? Wie is aanspreeklik vir die verwoesting in die samelewing?

Wie bederf die werk en wie bring 'n klad daaroor?

In ons tyd het mense gou 'n antwoord gereed.

Die antwoorde is verskillend en kom tog wonderlik met mekaar ooreen.

Verskillend in dié opsig dat verskillende oorsake van verwoesting aangewys word. En almal kry 'n beurt: die Godloënaar, die propagandis vir alles wat teen ons is, die skrywer, die denker, die kommunis, die staker, die onderkruiper, die kapitalis, die verraaier, die minister, die koerant, die vyandige bond en wat nog meer? Die antwoorde loop uiteen.

Maar daar is tog 'n ooreenkoms: dit dui almal in die rigting van *kragmense*. Dit soek die antwoord van die bederf by die persone van invloed, by die mense wat op die kussings of tussen die wiele sit, by dié wat baie besig en druk aan die praat is.

En wie durf ontken dat bederf wel van dié kant kom?

Alleen maar: die bederf kom nie *slegs* van dié kant af nie.

Nie alleen die kragmense wat kwaad wil doen nie, maar ook die slappelinge wat niks wil doen nie, is aanspreeklik vir alle intredende bederf.

Die staker, maar ook die man wat alles maar laat waai.

Die propagandis van bose sake, maar ook die man wat nêrens meedoen nie.

Die onderkruiper, maar ook die man wat hom aan dagdiewery skuldig maak.

Die vyandige pers, maar ook die man wat niks vir sy eie Christelike pers oor het nie.

Die regsverkragter, die revolusionis, die kontrakbreker, maar ook die man wat nie wil stry vir die reg van God nie, nie vir die liggaam van Christus met alle geestelike en ook uitwendige wapens, wil veg nie.

Dié man, die slappeling is "'n broer van die verwoester".

'n Broer, wat dus van dieselfde familie is.

En wat dus uiteindelik presies dieselfde uitrig...

Skel dus nie op iemand of iets, solank jy self tot die slapperds behoort nie.

Moenie die skuld aan die vyandige organisasie gee, as jy te lui is om jou eie organisasie volgens die reëls van God se Woord op die been te bring nie.

Moenie die sondaar teen die gemeenskap uitskel, indien jy deur slapheid en halfheid die gemeenskap nog nooit waaragtig gedien het nie.

Wie te slap is om vóór te wees, hy is téén; hy is die broer van die verwoester.

Die slimste vyand en die slapste vriend, hulle ontmoet mekaar: die duiwel het hulle beide lief.

**Klaas Schilder**
Oorgeneem en verwerk uit:
*Schriftoverdenkingen 1915-1933*

* * *

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God sè Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

---

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ............................................

Adres:............................................

............................................

............................................

Poskode:..........................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:............................................

Datum:.................................. Handtekening:..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS